Klein Lochieland

Nuusbrief Graad R en RR

Lourensrivierweg / Posbus 124
STRAND
Tel: 021-8548592
E-pos:
adminkleinlochieland@lochnerhof.co.za

2025-02-28

Liewe Ouers

GEBEDSVERSOEK
Ons het 'n baie brawe graad R-kleuter, Deidré Wagenaar, wat volgende week vir haar boetie wat leukemia het, beenmurg gaan skenk. Woensdag 5 Maart is haar laaste dag by die skool voordat sy Maandag 10 Maart die skenking doen. Ons vra dat al ons maatjies asb **ORANJE** sal dra op Woensdag om vir haar te wys dat ons haar ondersteun. Ons vra ook dat almal die Wagenaar-gesin in hul gebede sal opdra in hierdie moeilike tyd wat voorlê. Mag God julle toevou in Sy hande vir krag en vertroosting.

GHOLFDAG: 7 MAART 2025
Nog een week voor die "groot" dag. Ons is baie opgewonde en baie dankbaar vir elke ouer se bydrae sover!

Alle skenkings vir die "goodie bags" en pryse moet asb. voor of op Dinsdag, 4 Maart by die skool wees. Ons wil graag Woensdag 5 Maart die pryse en die "goodie bags" vir die gholfdag pak.

U kan ook nog op die volgende manier bydra as u nog niks geskenk het nie:

Bytjieklas RR1-Juffrou Carlene:	***Sjokolade*** *(een "slab" per kind)*
Skoenlapperklas RR2-Juffrou Paula:	***Lekkers of beskuit*** *(minstens 'n pakkie per kind)*
Besieklas RR3-Juffrou Michelle:	***Neute of droë vrugte*** *(een pakkie per kind)*
Miertjieklas RR4-Juffrou Vernanda:	***Groot pakke skyfies*** (*minstens een pak per kind)*
Naaldekokers RR5-Juffrou Jané:	***Soet of sout koekies*** *(minstens een boksie per kind)*
Eendjieklas R1-Juffrou Anja:	***Witwyn*** *(minstens 1 bottel)*
Beertjieklas R2-Juffrou Janita:	***Ciders*** *(minstens 1 pak van 6)*
Vissieklas R3-Juffrou Chantelle:	***Rooiwyn*** *(minstens 1 bottel)*
Hasieklas R4-Juffrou Cara:	***Bier*** *(minstens 1 pak van 6)*

GRAAD R-INLIGTING:

WILD WILD WEST UITSTAPPIE: 11 en 13 Maart

Daar is nog etlike gelde uitstaande vir die uitstappie. Kostes beloop **R75-00** per kind en moet teen **Donderdag 6 Maart** by die onderwyseres inbetaal wees.

GRAAD R-SPORT

Slegs vir die week van **3 tot 7 Maart** sal daar geen dogters-hokkie, netbal, tennis of atletiek aangebied word nie. **SLEGS rugby, krieket en seuns-hokkie sal voortgaan.**

Ons tema vir volgende week is: **EMOSIES en SINTUIE**

Ons persepsies is:
Vorm: **Driehoek**
Kleur: **Oranje**
Getal: **Hersien 1, 2 en 3**
Klank: **Hersien o, a, d, g, j en i**

Assesserings:
Herken en skryf aangeleerde klanke korrek
Skryf eie naam met korrekte lettervorming
Herken getalsimbole (1,2 en 3) en getalname (een, twee en drie)
Rangorde: Eerste, tweede en derde
Herken die vorms: Driehoek, vierkant en sirkel

Maandag	3 Maart:	Bak-en-Brou: Pizza-gesiggies
Dinsdag	4 Maart:	***ALLE GHOLFDAG SKENKINGS MOET IN WEES, ASB***
Woensdag	5 Maart:	Trek asb. iets **ORANJE** aan vir Deidré en ons kleur van die week
Donderdag	6 Maart:	Bring asb. ‘n **driehoek**broodjie
Vrydag	7 Maart:	***KLEIN LOCHIELAND GHOLFDAG! Sterkte aan almal betrokke***

GRAAD RR-INLIGTING:

OUMA en OUPADAG

Ouma- en oupadag vir graad RR-kleuters se grootouers vind plaas op Vrydag 14 Maart tussen 10:30 en 12:00. Kaartjieverkope sluit op Dinsdag 11 Maart sodat ons die aankope betyds kan doen.

Ons tema vir volgende week is: **MY HUIS EN VEILIGHEID**

Ons persepsies is:
Kleur: **Pers**
Vorm: **Ovaal**
Getal: **3**
Klank: **g-klankie**

Maandag	3 Maart:	Ons maak ‘n huis met vertrekke
Dinsdag	4 Maart:	***ALLE GHOLFDAG SKENKINGS MOET IN WEES, ASB***
Woensdag	5 Maart:	Trek asb. iets **ORANJE** aan vir Deidré Bring asb. ‘n **ovaal**broodjie
Donderdag	6 Maart:	Kleuters trek asb. iets **pers** aan vir die kleur van die week
Vrydag	7 Maart:	***KLEIN LOCHIELAND GHOLFDAG! Sterkte aan almal betrokke***

Geniet u naweek!

Vriendelike groete
Klein Lochieland Personeel